VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

AFGRI streef daarna om vir al sy belanghebbendes, hetsy hulle aandeelhouers, werknemers, verskaffers, kliënte of die gemeenskappe is waarin hy werksaam is, waarde te skep. Die beleid is in pas met die vereistes van die King II Kode van Korporatiewe Beheer en is in die Groep se strukture en kultuur vasgelê.

AFGRI onderskryf die beginsel van volhoubare ontwikkeling en dié beginsel is 'n integrale deel van sy strategiese prosesse.

Die verslag verskaf inligting oor die Groep se aktiwiteite in die volgende gebiede:

- Billike Indiensneming
- Swart Ekonomiese Bemagtiging
- Gesondheid en Veiligheid
- MIV/VIGS
- Gemeenskapsbetrokkenheid
- Opleiding en Ontwikkeling (Opvoeding)
- Omgewing

BILLIKE INDIENSNEMING

Na die belegging deur 'n SEB-vennoot in die vorm van die Agri Sizwe Empowerment Trust, is die nuwe Billike-indiensneming-advieskomitees ("BIAK") gekies. Dié komitees is opgelei in en voorberei op hul implementerings- en moniteringsrolle. Daar word vordering gemaak met die behaling van billike-indiensnemingsteikens op middel- en junior bestuursvlakke en laerposkategorievlakke.

Die behaling van billike-indiensnemingsteikens op senior bestuursvlakke is vertraag as gevolg van die onbeskikbaarheid van bekwame persone uit aangewese groepe in sommige van die demografiese gebiede waarin AFGRI werksaam is. 'n Mate van vordering is gemaak met die hulp van die Agri Sizwe Empowerment Trust in die Finansiële en Logistieke Dienste-besighede.

'n Nuwe werwingsgoedkeuringsproses vir billike indiensneming is deur die AFGRI-Direksie goedgekeur. Die bedoeling is dat dit die BIAK bykomend bemagtig in sy moniteringsfunksie.

Billike indiensneming is van kritieke strategiese belang en sal steeds 'n voorkeur-fokusgebied in AFGRI wees.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

AFGRI is bewus van sy verantwoordelikheid om die onbillikhede ten opsigte van welvaart, inkomste, vaardigheid en besigheidsgeleenthede te verlig en is van mening dat hy 'n verpligting het om die standaard vir transformasie in die landbousektor te stel. Dit was die motivering vir die SEB-transaksie waarin die Agri Sizwe Empowerment Trust – wat uit 'n breë reeks SEB-belange bestaan – 'n belang van 26,77% in AFGRI Bedryf verkry het. Drie SEB-Direkteure wat die Trust verteenwoordig, is op AFGRI se Direksie aangestel. Hierbenewens het die Trust twee verteenwoordigers benoem om op AFGRI Bedryfs se Direksie te dien waar hulle met sy transformasie-aangeleenthede sal help en nuwe besigheidsgeleenthede sal identifiseer. Die transaksie bevoordeel baie histories benadeelde Suid-Afrikaners, insluitende voorheen benadeelde personeel wat nou 19,9% van die konsortium in die Trust besit.

Beide AFGRI en die Trust beskou dié transaksie as die begin van 'n verreikende transformasieproses wat elke aspek van die Groep se aktiwiteite sal beïnvloed. Soos reeds genoem is, is positiewe stappe gedoen om die billike-indiensnemingteikens in die Groep te monitor en vinniger te behaal.

Die transaksie oorskadu duidelik ander SEB-aktiwiteite waarby AFGRI betrokke is, maar dit is dalk die moeite werd om sommige van die meer merkwaardige SEB-projekte wat AFGRI steun, te noem:

- AFGRI het gehelp met die stigting van Cropmasters, 'n SEB-maatskappy in Zambië wat aansienlike sukses met sy nis ten opsigte van toerustingverskaffing behaal het deur op die boerderysektor te fokus.

- AFGRI is betrokke by verskeie projekte wat gerig is op die opheffing van die sektor vir opkomende boere. AFGRI het in die Oos-Kaapse dorp Matatiele 'n toetsprogram onder 'n groep kleinskaalboere van stapel gestuur om hul mielie-opbrengs van 'n gemiddeld van 200 kg/ha tot 2 ton/ha te verhoog deur bewaringsboerderytegnieke te gebruik. Die plan is om die projek uit te brei om meer boere te bereik en hulle te help om hul opbrengs te verbeter. Die sukses van die toetsprogram het aanleiding gegee tot versoeke om die projek uit te brei na ander gebiede soos Phuthaditjhaba in die Vrystaat, Badplaas en Bronkhorstspruit in Mpumalanga, Ventersdorp in die Noord-Wesprovinsie en Qamata in die Oos-Kaap.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG (vervolg)

- AFGRI neem saam met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie ("NOK") deel aan projekte vir die ontwikkeling van opkomende boere. Die NOK het ontwikkelingsfondse ten bedrae van R58 miljoen opsy gesit vir 'n verskeidenheid projekte, hoofsaaklik kort termyn en sommige medium termyn. Boere in die Oos-Kaap en die Vrystaat word gehelp met die verbouing van winteroeste wat bykans 10 000 hektaar dek. Daar word ook bystand gelewer aan boere met someroeste op meer as 15 000 hektaar in Mpumalanga en in die suide van KwaZulu-Natal (die laasgenoemde met die hulp van die provinsiale regering).

- AFGRI Finansiering het op voorkeurvoorwaardes finansiering verskaf aan verskeie ontwikkelende boere wat betrokke is by mielie- en suikerrietboerdery, sowel as katoenpluisery. Hulle het ook gehelp om die Hamba Vloot wat 100% onder swart besit is, as een van die land se voorste vervoergroepe te vestig.

- Die Bethlehem Farmers Trust Appelprojek wat 'n paar jaar gelede deur AFGRI begin is, ontvang steeds bestuurs-ondersteuning van AFGRI. Dié projek het landswye belangstelling ontlok en verlede jaar die produktiwiteits-toekenning by die Nasionale Produktiwiteitsvereniging ("NPV") gewen. Gedurende die afgelope vyf jaar het dié inisiatief sy missie uitgeleef om werk te skep en voorheen benadeelde boere te help. Benewens die 94 lede van die Bethlehem Farmers Trust (29 vrouens en 65 mans) is 270 sekondêre geleenthede op die oesseisoen se hoogtepunt geskep. Teen 2006/2007 sal sowat 2 500 indirekte werksgeleenthede geskep wees.

- Na die finansiële jaareinde het AFGRI betrokke geraak by 'n projek om water aan landelike gemeenskappe te verskaf by wyse van "Rondomtaliespeelpompe" waardeur water uit 'n boorgat gepomp word terwyl kinders op 'n rondomtalie speel. 'n Aantal "Rondomtaliespeelpompe" sal in die huidige finansiële jaar in landelike gebiede in die Oos-Vrystaat, Mpumalanga en KwaZulu-Natal opgerig word.

GESONDHEID EN VEILIGHEID

Die Groep hersien steeds sy voldoening aan die betrokke bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en monitor alle gerapporteerde ongelukke waarby werknemers betrokke is. Minstens twee werknemers by elke bedryfsperseel is aangestel en ontvang opleiding in brandbeheer en noodhulp. Daar is stelsels om die veiligheid en gesondheid van werkers deur nood-beplannings, brand- en verliesbeheermaatreëls te verseker.

MIV/VIGS

Die Deloitte-voorkomsoudit wat in AFGRI gedoen is, het 'n voorkoms van MIV/VIGS van sowat 20% onder werknemers aangedui. Na Deloitte se voorlegging aan AFGRI Bedryfs se Direksie het die vraag ontstaan watter stappe gedoen moet word. Op aanbeveling van AFGRI se mediesefondsmakelaars is besluit om 'n omvattende besluitnemingsmodel te gebruik wat deur derdeparty-konsultante geadministreer word. 'n Laekoste mediesefondsskema sal geïmplementeer word met die betrokke ingrypingstrategieë wat daaraan gekoppel is.

GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

AFGRI is betrokke by verskeie gemeenskapsopheffings-programme, veral in die gebiede waarin hy werksaam is. Dit neem verskeie vorme aan, van geletterheidsklasse tot preprimêre skoolopleiding, met die doel om funksionele gemeenskappe te skep wat by 'n moderne, ontwikkelende ekonomie kan inskakel. Verskeie sportspanne en voedingskemas, veral dié by crèches en laerskole, ontvang gereeld ondersteuning van die Groep. Verskeie liefdadigheidsorganisasies word ook ondersteun.

OPLEIDING EN ONTWIKKELING (OPVOEDING)

Opleiding en ontwikkeling is 'n voortdurende proses met die hoofdoel om talentvolle personeel te betrek by verskeie opvoedkundige en ander opleidingsprogramme. Funksionele opleidingskursusse word aangebied om aan die wetlike vereistes vir verskillende dissiplines te voldoen. Werknemers word ook aangemoedig om aansoek te doen vir studiehulp vir deeltydse studies by verskeie instellings ten einde bykomende kwalifikasies te bekom.

Vervangingsrisiko-ontleding en Opvolgpoelidentifikasie-oefeninge is met die oog op ontwikkeling oor die langer termyn as 'n bestuurstrategie onderneem en ook om talentvolle bestuurders voor te berei vir interne aanstelling in middel en senior bestuursposisies.

Leerderopleidingsprogramme word op junior vlak aan personeel gebied ten einde spesifieke vaardighede te ontwikkel wat vir gespesialiseerde posisies vereis word. Die uitslag van die meeste leerderprogramme is 'n kwalifikasie op NQF-vlak 2 en 3 wat gelyk is aan Graad 11 en 12. Daar is tans meer as 30 leerlinge wat deelneem aan leerderprogramme vir kwalifikasies soos Geoktrooieerde Rekenmeesters ("GR(SA)") en Trekkertegnici. AFGRI se eerste gekwalifiseerde GR(SA) wat ingevolge die program Training Outside Public Practice opgelei is, sal hul opleiding aan die einde van Desember 2006 afhandel. Kandidate uit die aangewese groepe word vir nuwe opnames as teiken gestel.

'n Hele nuwe benadering tot opleiding en toekomstige werwing word tans ontwikkel in die graansilobedryf waar 'n aantal aangewese kandidate op 'n eksperimentele grondslag opgeneem sal word om by die verskillende persele te werk en opgelei te word. Opleidingsmateriaal sal in vyf tale beskikbaar wees en aangebied word ooreenkomstig die Eenheidstandaarde van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid. Eksterne assessors sal die evaluering doen.

AFGRI sal deelneem in die ontwikkeling van geakkrediteerde opleidingskursusse vir leerders in die meulebedryf en 'n eksterne diensverskaffer is reeds deur die AgriSeta aangestel om kursusmateriaal te ontwikkel.

Die Werkplek Vaardigheidsplan en Jaarlikse Opleidingsverslag sal teen 30 Junie 2006 by AgriSeta ingedien word.

OMGEWING

As gevolg van die Groep se Omgewingsbeleid het AFGRI klem geplaas op die identifikasie en bestuur van omgewingsrisiko's. AFGRI het beheermaatreëls om te verseker dat die Groep se aktiwiteite omgewingsvriendelik is. Stelsels, beleid en reëls is ontwerp om enige negatiewe omgewingsimpak van sy bedrywighede tot 'n minimum te beperk. Die stelsels, beleid en reëls word by alle persele geïmplementeer en gereeld deur interne en eksterne oudits en, waar toepaslik, deur voldoening aan die ISO9002-gradering nagegaan. Daar is by alle AFGRI-bedrywighede gebeurlikheidsplanne om moontlike bedreigings vir die onmiddellike omgewing te hanteer, veral ten opsigte van afvalverwydering.

Optrede tot dusver sluit in:

- Omgewingsimpakevaluerings is by die Veevoerfabrieke gedoen en afwykings wat die evaluerings aangedui het, word opgelos.
- AFGRI streef na ISO-akkreditasie by die Saad- en Citrifruit-fabrieke.
- Kragfaktorregstelling is by die meeste fabrieke geïnstalleer om kragverbruik te verminder.
- Daar is waterherwinningsprogramme by alle vervaardigings-bedrywighede wat op 'n daaglikse basis bestuur word.
- Afvalskeidings is 'n noodsaaklike aktiwiteit wat by alle bedrywighede geïmplementeer is.
- Nuwe "Omgewingsimpakontleding" en "Baie Gevaarlike Impak"-studies is soos nodig gedoen.